



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V2

NOVEMBER 2021

MPUMALANGA

NASIENRIGLYNE

PUNTE: 40

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 9 bladsye.

NASIEN VAN DIE LETTERKUNDE

1. Spel- en taalfoute in antwoorde word nie geenaliseer nie omdat die fokus op begrip is. (Foute moet steeds aangedui word.) Waar die foute die betekenis van die woord(e) verander, word dit wel geenaliseer.
2. Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal wat geassesseer word, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie geenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
3. Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering/bewys moet oorweeg word.
4. Vir WAAR/ONWAAR- of FEIT/MENING/LUG JOU MENING-vrae word geen punte toegeken nie. Net die rede/motivering/aanhaling word bepunt.
5. Waar een-woord-antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek, **mits** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
6. Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
7. Aanvaar dialektiese variasies.
8. Aanvaar die letter en/of die korrekte antwoord wat uitgeskryf is by 'n **meervoudigekeuse-vraag**.

BLADSAK – Lucas Malan**VERHAAL A: "DIE HEN EN DIE NAALD" – Minnie Postma**

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
1.1	<ul style="list-style-type: none"> Valk/Hy het by Hen/sy vriendin gaan kuier. Valk het na die grond toe afgekom. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
1.2.1	<ul style="list-style-type: none"> Hy was die enigste voël wat 'n naald gehad/besit het. Nie een van die ander voëls het 'n naald gehad nie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
1.2.2	<p>Hen wou ...</p> <ul style="list-style-type: none"> velletjies aanmekaar werk. 'n karos/velkometers/lehlosi maak. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
1.3	<ul style="list-style-type: none"> Valk het vir Hen gevra wat sy met die naald wou doen. Valk wou by Hen weet hoe hy sy werk sou doen as sy naald wegraak. Valk was eers tevrede om sy naald vir Hen te leen nadat sy belowe het dat hy een van haar kuikens kon kry as sy die naald sou verloor. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
1.4	<ul style="list-style-type: none"> Hen het vir die hoenders in die kraal gewys hoe mooi sy lyk. Hen het vir haar kuikens gesê om die huis aan die kant te maak. Die kuikens het Valk se naald weggegooi. Valk het sy naald teruggevra. 	1 1 1 1
1.5	B/grraag gespog het	1
1.6	<ul style="list-style-type: none"> op die ashoop tussen die vullis/vuilgoed (wat die kinders weggegooi het) (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
1.7	<ul style="list-style-type: none"> Hen het sleg/skuldig gevoel oor die naald wat weg was. Hen wou graag haar belofte teenoor Valk nakom. Hen het besef wat die gevolge vir haar kinders kon wees as sy nie die naald kry nie/sy was bang Valk gryp een van haar kuikens. Hen het onrus en vrees in haar hart gehad. Hen was nie lui nie. Hen gaan nie ophou soek totdat sy die naald gekry het nie. Hen het self probeer om die probleem op te los/dit nie aan ander oorgelaat om te soek nie. (Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde) 	2
1.8.1	mooi dinge 'n mens kan verblind	1

1.8.2	<ul style="list-style-type: none"> As Hen nie so haastig was om (by die ander henne) te spog nie, sou sy nie vergeet het om die naald veilig te bêre nie. Hen het so op haar nuwe karos gefokus, dat sy vergeet het wat sy vir Valk gesê het. Hen het net aan haar mooi karos gedink en van die naald vergeet. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op Vraag 1.8.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 1.8.2 te verdien.) 	1
1.9.1	E/Valk het vir Hen 'n naald geleen.	1
1.9.2	A/Valk het Hen laat belowe dat hy 'n kuiken kon kry as die naald sou wegraak.	1
1.9.3	D/Hen het nie daaraan gedink om die naald veilig te bêre nie.	1
1.9.4	B/Hen se kuikens sou vir altyd in gevaar wees.	1
1.10	<ul style="list-style-type: none"> Ons leer Hen reg van die begin af ken. Hen word beskryf. Ons weet die hele tyd wat Hen dink. Ons weet die hele tyd wat Hen doen. Hen is deel van die hele verhaal. Ons weet nie veel van die ander karakters af nie. (Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde) 	2

VERHAAL B: "STOKVEL OP 'N PLAAS" – Justice L Makete

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
1.11	<ul style="list-style-type: none"> R20 Twintig rand (Enige EEN) 	1
1.12	Baba Ndlovu	1
1.13.1	die kinders en die grootmense	1
1.13.2	<ul style="list-style-type: none"> Die stokvelgeld het gehelp dat die hele gesin die res van die maand aan die gang kon bly. Die grootmense het die geld gebruik om die kinders skool toe te stuur. Dit het skoolfonds en ander belangrike dinge betaal. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
1.14.1	Sis Dudu	1
1.14.2	(pampoen)koekies	1
1.14.3	Sis Vera	1
1.14.4	gebed/gebied/bid	1
1.15	nie lede (van die stokvel) was nie (Of soortgelyk aan bogenoemde)	1

1.16	<p>Sipho Dlamini ...</p> <ul style="list-style-type: none"> • het 'n verantwoordelike werk op die plaas gehad/was die voorman op die plaas. • het seker gemaak sy huis was netjies vir die stokvel. • het gehardloop om vir Mandevu te gaan roep. • word as 'n verstandige man beskryf. • was behulpsaam. <p><i>(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)</i></p>	2
1.17.1	tevrede	1
1.17.2	<ul style="list-style-type: none"> • Die Malaita ... <ul style="list-style-type: none"> ○ het ander mense se pret bederf. ○ was die oorsaak dat daar 'n bakleiery uitbreek het. ○ het probleme veroorsaak waardeur mense kon seerkry/sterf. ○ het gereeld probleme veroorsaak. • Dit was hoog tyd dat die Malaita vasgevat word. • Die bakleiery het opgehou/die stokvel het sonder die Malaita voortgegaan. <p><i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op Vraag 1.17.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 1.17.2 te verdien.)</i></p>	1
1.18.1	B/Die huis op Lekkerbek is netjies gemaak.	1
1.18.2	D/Die byeenkoms kon stiptelik om twaalfuur begin.	1
1.18.3	E/Al die lede moes aandui dat hulle teenwoordig was.	1
1.18.4	A/Die skurke het begin vloek en moeilikheid soek.	1
1.19	C/moes help met die voorbereidings vir die stokvel.	1
1.20.1	regdeur	1
1.20.2	<ul style="list-style-type: none"> • Die hele verhaal handel oor die stokvel. • Jy moet die hele verhaal lees om presies te verstaan waaroor die stokvel eintlik gaan. • Verskillende dele van die verhaal handel oor verskillende aspekte van die stokvel. • Daar is nie net een deel van die verhaal wat oor die stokvel handel nie. <p><i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i></p>	1
TOTAAL:		40

VRAAG 2: PERDEKRAG – Cecilia du Toit

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
2.1	<ul style="list-style-type: none"> • (Sy is die) eienaar/baas. • Dit is haar perdeskool./Sy is in beheer. • Sy is die hoof/bestuurder van die perdeskool. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
2.2.1	(Mevrou) Bekker	1
2.2.2	<ul style="list-style-type: none"> • 3 maande • 100 uur (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
2.3	<ul style="list-style-type: none"> • Hy moes (vars/nuwe) strooi/gras gaan haal/in die stalle sit. • Hy moes die perde se hoewe skoonmaak. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
2.4	A/streng	1
2.5	<ul style="list-style-type: none"> • Hulle het met 'n gaar/ou bakkie gery/'n ou bakkie gebruik. • (Wilma het gesê dat) die De Beers/hulle sukkel. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Kandidaat mag nie net sê dat die De Beers arm was nie. Daar moet bewys wees dat hulle nie ryk was nie.) 	1
2.6	<ul style="list-style-type: none"> • Wilma het vir Lucky gesê om die stalle uit te hark. • Lucky het vir Wilma gesê hy is nie daar om die vuil werk te doen nie. • Wilma wou hê Lucky moes die perdeskool verlaat. • Lucky het die hooivurk gevat en begin werk. 	1 1 1 1
2.7	<p>Lucky ...</p> <ul style="list-style-type: none"> • het nie van ryk mense gehou nie/was kwaad vir almal wat ryk was/het ryk mense gehaat/was negatief (teenoor ryk mense). • het gedink ryk mense is almal sleg/varke/rotte. • het gedink ryk mense gee nie om vir arm mense nie/is selfsugtig. • het geen respek vir ryk mense gehad nie. (Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde. Aanvaar enige TWEE antwoorde wat daarop dui dat Lucky negatief voel teenoor ryk mense. Ons aanvaar nie direkte woorde uit die teks nie.) 	2
2.8.1	B/Wilma moes Lucky waarsku om nie vir Binki te boelie nie.	1
2.8.2	E/Wilma het gesê dat Lucky nie kos gaan kry voor al die vuil strooi op die hoop is nie.	1
2.8.3	A/Lucky het besef dat daar ander kinders is wat ook swaarkry.	1
2.8.4	D/Lucky het besef dat hy sy ma se tyd en liefde moes waardeer.	1
2.9.1	kwaad	1

2.9.2	<ul style="list-style-type: none"> • Dit is verkeerd om iemand te spot/te boelie/vir iemand byname te noem/vir iemand wat bang is, te lag. • Dit is nie snaaks wanneer iemand flou val nie. • Lucky lag. • Lucky lag vir Binki (want sy is bang vir Lady Jane)/boelie Binki/spot haar. • Lucky terg Binki oor haar naam/noem haar "Beentjie". (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op Vraag 2.9.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 2.9.2 te verdien. Die kandidaat hoef nie te sê dat dit verkeerd is om nie.) 	1
2.10.1	verkeerd is om te stereotipeer	1
2.10.2	<p>Dis verkeerd om te stereotipeer, want ...</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n mens moet iemand anders eers leer ken, voordat jy 'n opinie oor hom/haar uitspreek. • jy weet nie wat in ander se lewens gebeur nie. • mense is nie almal dieselfde nie/jy moet ander respekteer al is hulle anders as jy. <p>Aanvaar ook voorbeelde van Lucky se stereotipering, bv.:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Lucky dink alle ryk mense gee meer om vir diere as vir arm mense. • Lucky dink alle wit mense is ryk. • Lucky dink wit mense het nie probleme nie. • Lucky dink alle ryk mense is sleg. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Aanvaar nie aanhalings nie.) 	1
2.11.1	<p>Gedrink/drank/alkohol/bier gedrink/gesuip/drink/dronk (Alhoewel "drink", "drank" en "dronk" nie in sinsverband pas nie, sal ons dit aanvaar, want dit dui op kennis van die inhoud.)</p>	1
2.11.2	Grace	1
2.11.3	<ul style="list-style-type: none"> • been/bien/voet/enkel • poot/voorpoot/poet (Aanvaar spelfout, indien dit nie Engels is of die betekenis heeltemal verander nie.) 	1
2.11.4	<ul style="list-style-type: none"> • Jammer/spyt/hartseer/skaam/verleë 	1
2.12	<ul style="list-style-type: none"> • Hy het klein katjies verdrink/diere mishandel/doodgemaak. • Hy het die katte in die dam gegooi. • Lucky wou die perde/Kaizer seermaak. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
2.13	<p>Lucky was kwaad omdat...</p> <ul style="list-style-type: none"> • sy ma se werkgewers haar min betaal het. • sy ma se werkgewers meer vir die katte betaal/verdien het as wat sy ma verdien het. • sy ma so moes sukkel/swaargekry het. • hy gedink het ryk mense gee meer om vir diere as vir arm mense. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Lewers in die antwoord moet daar 'n gebeurlikheid wees.) 	1

2.14.1	reg te maak	1
2.14.2	<p>Wilma het ...</p> <ul style="list-style-type: none"> • Lucky kans gegee om sy gemeenskapsdiens by die perdeskool te doen. • gestremde kinders met haar perde gehelp. • Binki op die plaas laat bly/Binki ondersteun. • die perde gebruik om ander mense te help. • geleer dat diere 'n mens beter kan laat voel. <p><i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i></p>	1
2.15	C/onverantwoordelik was	1
2.16	<ul style="list-style-type: none"> • sy ma het hom anders geleer/het hom geleer om vir grootmense antie/tannie te sê. • sy is ouer as hy. • Lucky het omgegee wat Wilma van hom dink. • Lucky het Wilma respekteer/Lucky se ma het hom respek geleer. <p><i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i></p>	1
2.17.1	D/Wilma het gebel sodat Lucky kon teruggaan stad toe.	1
2.17.2	E/Lucky het besef dat diere met liefde en respek behandel moet word.	1
2.17.3	B/Lucky het besef dat alle mense seerkry.	1
2.17.4	A/Lucky het besef dat 'n mens uit jou foute kan leer.	1
2.18.1	By die einde van	1
2.18.2	<p>Aan die einde van die drama kom die leser agter ...</p> <ul style="list-style-type: none"> • hoe die perde se krag die karakters gehelp het. • dat die mense en die perde in harmonie met mekaar was. • dat Binki nie meer skaam was vir haar letsels nie/bang was vir die perde nie. • dat Lucky nou respek vir die perde/ander mense gehad het. • dat die perde Lucky/Binki se lewe verander het. • dat Lucky/Binki goeie dinge van perde geleer het. <p><i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op Vraag 2.18.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 2.18.2 te verdien. Die kandidaat kan ook net verwys na die impak wat die perde op een van die karakters gehad het.)</i></p>	1

2.19	<p>Ons leer Lucky ken deur dit wat ...</p> <ul style="list-style-type: none"> • Wilma oor hom sê. • Lucky self dink/sê • Lucky self doen. <p>Aanvaar ook as kandidaat voorbeelde van bg. gee/die "dit" omskryf, bv.:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Wilma (wat sy oor Lucky sê): wat Lucky verkeerd gedoen het; die rede waarom hy op die plaas is; dat hy kru praat; dat hy nie luister nie. • Lucky (wat hy sê): hy is jammer oor wat hy gedoen het (soos hy vir Kaizer vertel het); toe Lucky vir Binki sy storie vertel het, leer 'n mens hom ken; die manier waarop hy praat, wys dat hy 'n tiener is/dat hy rebels/kwaad vir die lewe is; Lucky praat mooi van sy ma/hy het respek vir haar; Lucky noem Wilma tannie/sy ma het hom geleer om grootmense te respekteer. • Lucky (wat hy doen): dra 'n mus met 'n sokkerspan se logo/hy hou van sokker; Lucky spot Binki, maar hy voel sleg as hy besef hy maak haar seer; Lucky neem vir Kaizer water, (wat wys op die positiewe verandering). <p><i>(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde. Indien die kandidaat die antwoord in kolpunte gee, ignoreer kolpunte en sien die eerste twee antwoorde na, ongeag of die antwoorde in die eerste/tweede sin staan.)</i></p>	2
2.20	<p>Binki het ...</p> <ul style="list-style-type: none"> • besluit dat sy vir haar eie geluk verantwoordelik was/haarself moes aanvaar/lief wees vir haarself. • besef sy moet haar omstandighede aanvaar/nie meer so sensitief wees nie. • die waarde van vriende besef. • besluit om vir die wêreld te wys wie sy was/nie langer haar letsels weg te steek nie/nie meer skaam oor haar letsels gevoel nie. • haar vrees vir dinge/perde oorwin. <p>Aanvaar ook as die kandidaat voorbeelde gee van veranderings wat aan die einde van die drama duidelik is, bv.:</p> <p>Binki het ...</p> <ul style="list-style-type: none"> • besluit om nie meer kwaad vir haar ma te wees nie/besef haar ma het nie tyd vir haar nie. • met Lucky oor die brand gepraat/hom van Dukie vertel. • vry gevoel. • nie meer omgee wat ander van haar letsels dink nie. • deur baie probleme gekom, maar nog steeds 'n mooi hart gehad. • vir haar ma "Ma" gesê. • vir Sabrina gesê dat sy verkeerd optree. <p><i>(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)</i></p>	2
TOTAAL:		40